Boogskiet



"Sorg dat jy 'n definitiewe doelwit het in alles wat jy doen. Kyk hoe trek die pyl direk in die rigting van die boogskutter se teiken."
Kahlil Gibran (1883-1931)

Doelwit: Om die Verkenner bekend te stel aan boogskiet as 'n sport of buitelug ontspanningsaktiwiteit en hom of haar met die vaardighede toe te rus om boogskiet op 'n veilige en verantwoordelike wyse te beoefen.

Weergawe: *2009*

Datum: *Januarie 2009*

Begronding:

Voortrekkerkode:

1. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar die omgewing.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Hierdie spesialisasie spreek burgerskap en Christenskap aan. Gedurende die kursus sal die Verkenner leer om gevaarlike boogskiettoestande en praktyke te identifiseer en om mense daaromtrent in te lig en te waarsku. Die Verkenner sal die geleentheid hê om God se skepping en almag te waardeer. Boogskiet stimuleer ook die waardering vir enige lewende wese. Daar sal ook van Verkenners verwag word om verantwoordelikheid te aanvaar vir ander mense se lewens deur die veilige beoefening van die sport.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 dag	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:			
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp, geakkrediteerder gebiedskamp of fasiliteerder		

Eksterne Akkreditasie:

Beheerliggam:	Avontuur en Rekreasie Assosiasie (ARA)	**Vlak:**	ARA Vlak 1 (NQF 3)
Toekennings instansie:	ARA Geakkrediteerde gebiedskamp, ARA Geakkrediteerde Mobiele Operateur		
Opmerking:	Enige kommando of gebiedskamp kan die spesialisasie aanbied. Slegs 'n geakkrediteerde gebiedskamp of mobiele operateur kan egter 'n sertifikaat uitreik wat deur die spesifieke beheerliggaam erken word.		
Intensieteit:	Lae intensiteit en risiko gradering		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Die industrie standaarde met betrekking tot boogskietoefeninge ken en toepas deur:
   - 1.1 die veiligheidsmaatreëls verbonde aan boogskiet te verstaan en streng na te volg
   - 1.2 te verstaan hoe om veiligheidstoerusting korrek te gebruik en die gebruik daarvan te monitor
   - 1.3 kennis te neem van die prosedures wat van toepassing is wanneer toerusting tydens 'n skietoefening sou faal
   - 1.4 kennis te neem van die prosedures van beweging op en rondom boogskietbane

Boogskiet



2. Boogskiettoerusting korrek kan gebruik deur:
   - 2.1 'n vooraf inspeksie op boogskiettoerusting uit te voer en gebreke, skade of foute reg te stel
   - 2.2 boogskietterminologie te ken en deurlopend te gebruik
   - 2.3 'n boog korrek te snaar en ontsnaar
   - 2.4 die korrekte gebruik van 'n pyl en boog te demonstreer
   - 2.5 'n boog en toerusting korrek te berg
   - 2.6 kennis te dra van die korrekte gebruik van boogskiettoerusting soos tipes pyle, armbeskermers, vingerlus, klereskerm, ens.
   - 2.7 die verskillende onderdele van 'n pyl korrek aan mekaar te sit.

3. Kennis demonstreer met betrekking tot skietbaanuitleg en –vereistes deur:
   - 3.1 skietbaanuitleg te verstaan
   - 3.2 skietbaanreëls ken.

4. Kennis kan demonstreer van die basiese manier van aanlê en korrel sonder 'n visier en hoe om dit korrek te kan toepas tydens rekreasie gebaseerde skietoefeninge.

5. Die reëls van boogskiet kan toepas deur:
   - 5.1 die nakoming van skietbaanreëls op 'n deurlopende wyse tydens 'n praktiese skietoefening te demonstreer
   - 5.2 die nakoming van protokol met betrekking tot die faal van toerusting op 'n deurlopende wyse tydens 'n skietoefening te demonstreer
   - 5.3 veilige beweging op en rondom die skietbaan te demonstreer.

6. 'n Aktiwiteit kan afsluit en evalueer deur:
   - 6.1 teikenvelle te gebruik en puntetellings op 'n telkaart op te teken
   - 6.2 boogskiettoerusting na te gaan vir onderhoud en skade en die toerusting voor te berei vir berging
   - 6.3 'n verslag in te dien oor beskadigde toerusting
   - 6.4 toerusting te berg volgens die voorgeskrewe prosedures.